

Hoe om voorafgoedgekeurde chroniese medisyne te bestel

Gebruik Medipost om chroniese VMV*-medisyne te bestel en vermy bybetalings.



120⁺
JAAR



Kry by Medihelp voorafgoedkeuring vir chroniese medikasie.

1

Vul die aansoekvorm vir chroniese medisyne saam met jou dokter in.

Besoek die **Member Zone** en laai die aansoekvorm af of voltooi die aanlyn versoek as jy 'n nuwe voorskrif het en jou bestaande magtiging wil bywerk.

Jy kan ook alle huidige magtigings op die **Member Zone** sien en jou voorskrif en versoek vir aflewering onder **Algemene navrae** indien.

Belangrik: Lede op MedVital, MedAdd, MedPrime en MedMove!, moet asseblief die Medihelp-formularium vir die dokter wys wanneer die dokter die aansoekvorm vir chroniese medisyne invul. Die formularium is op die **Member Zone** onder Auths & networks beskikbaar.

2

E-pos die voltooide vorm na medicineapp@medihelp.co.za.

3

Medihelp sal jou binne vyf werksdae van die uitslag van die aansoek in kennis stel.

Let wel:

- Beide formularium (medisyne) en nie-formularium medisyne is aan voorafgoedkeuring volgens kliniese protokolle onderhewig.

- Hou asseblief 'n afskrif van die voorskrif om vir Medipost te stuur om jou medisyne te resepteer.

4

As jou voorskrif verander, dien asseblief die nuwe voorskrif met ICD-10-kodes op die **Member Zone** in.

5

Bestel jou medisyne by Medipost

Stuur jou voorskrif, lidnommer en selfoonnommer na Medipost:

E-pos: mrx@medipost.co.za

WhatsApp: **012 426 4655**

OF dien jou versoek op die **Member Zone** onder **Algemene navrae** in.

6

Medipost sal jou binne 48 uur bel om jou voorskrif en adres vir aflewering te bespreek. Jy sal dan 'n SMS ontvang wat die besonderhede bevestig.

7

Jou medisyne sal by die adres wat jy gekies het, afgelewer word.

*Voorgekrewe minimum voordele



Bybetalings

- Bybetalings moet eers aan Medipost betaal word voordat die medisyne afgelewer sal word.
- Lede op MedPrime Elect, MedAdd Elect en MedVital Elect sal vir 'n bybetaling van 60% verantwoordelik wees as hulle VMV-medisyne bestel wat nie op die formularium is nie of as hulle kies om nie die netwerk te gebruik nie.
- MedMove!-lede sal 'n 30%-bybetaling hê as hulle nie die netwerk gebruik nie en 'n 60%-bybetaling as hulle medisyne kies wat nie op die formularium is nie.

Medipost se kontakbesonderhede

Telefoon: 012 426 4000 | **E-pos:** customercare@medipost.co.za

Bewys van betaling

E-pos: pay@medipost.co.za | **WhatsApp:** 012 426 4655

Chroniese VMV-medisyne vir kanker en MIV/Vigs

Alle chroniese VMV-medisyne vir kanker en MIV/vigs moet by die volgende verskaffers bestel word:

Kanker

Dis-Chem Oncology

Tel: 010 003 8948

oncology@dischem.co.za

of

Medipost

Tel: 012 404 4430

WhatsApp: 012 426 4655

oncology@medipost.co.za

MIV/Vigs

Dis-Chem Direct

Tel: 010 589 2788

direct.medihelp@dischem.co.za

of

Medipost

Tel: 012 426 4000

WhatsApp: 012 426 4655

life@medipost.co.za



medihelp.co.za

Medihelp is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste (FSP no 15738).